**Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging**

**https://www.hartenboshuiseienaars.co.za**
**admin@hartenboshuiseienaars.co.za**

# NUUSBRIEF
## Maart 2024

***Geagte Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaars,***

*Die jaar 2024 vorder goed en die komitee is baie besig met 'n aantal aangeleenthede. Of u hier is of nie, u is in ons gedagtes en daarom is dit weer vir my 'n voorreg om hierdie brief te kan skryf as die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging (HVHV) se voorsitter vir 2024.*

*Graag wil ek u meedeel van die huidige stand van die HVHV se aktiwiteite sedert Januarie 2024:*

### 1. *Jaarvergadering Desember 2023*

*Graag wil ek almal bedank wat die jaarvergadering bygewoon het en elkeen se positiewe gesindheid en bydraes wat u gelewer het. Glo my, ons neem kennis van al die voorstelle en wil oplossings vind. Vind asseblief die notule op die webwerf. Ons ondersoek die moontlikheid om die 2024 jaarvergadering ook op Teams beskikbaar te stel vir die lede wat nie in Hartenbos is nie.*

### 2. *Primêre verantwoordelikhede van die HVHV*

*Die afhandeling van prosedures en kontrakte met die sekuriteit, versekering, grassnydienste en die instandhouding van ons paaie is primêre verantwoordelikhede waaraan die nuwe bestuur aandag gegee het. As 'n span wil ons saam werk om die belange van die huiseienaars voorop te stel en te dien.*

### 3. *Status Mark*

*Soos ons julle almal ingelig het verlede jaar is Status – Mark aangestel as ons bestuursagentskap. Graag wil ek weer hul kontak inligting met julle deel. admin@hartenboshuiseienaars.co.za of status1@status-mark.co.za*
*Tel nr 0717845275 of Franzelle Liebenberg 0446913054 of 0608194264*

### 4. *Die 2024-Bestuurslede*

*Daar is twee nuwe lede genomineer op die jaarvergadering om op die Bestuurskomitee vir 2024 te dien, naamlik Hennie Ungerer (sekuriteit portefeulje ) en Waldi Lubbe (grassnydienste, paaie en bouplanne). Die Bestuur het hulle ook tot die gedragskode soos vervat in die Grondwet verbind. Die Grondwet is op die webwerf beskikbaar.*

*Die bestuurslede vir 2024 is:*

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Frans Stapelberg |
| Ondervoorsitter Komunikasie met lede | Kobus Burger |
| Sekretaresse (agentskap) | Status mark (Franzelle) |
| Finansies (gekoopteer, oorsig) | Nico Marais |
| Grassnydienste en Huisplanne en Bouwerk en Paaie | Waldi Lubbe |
| Webwerf en IT | N'Ré du Toit |
| Skakeling met belangegroepe (atkv / munisipaliteit) | Gideon Knoetze |
| Sekuriteit | Hennie Ungerer |

*Sedert Januarie 2024 het ons een in-persoon vergadering gehad en een spesiale vergadering dmv Zoom. Agendas en notules word van die Bestuursvergaderings gehou. Bestuur kommunikeer ook met mekaar per WhatsApp-groep wat beteken dat sake vinnig aandag kan geniet. Tans bly vier van ons Bestuurslede permanent in Hartenbos.*

### 5. *Ledekommunikasie*

*Ons beplan om u deurlopend op hoogte te hou van die HVHV-sake deur die jaar by wyse van 'n kwartaallikse brief vanaf die voorsitter en deur inligting op die webtuiste te plaas.*

### 6. *Grassnydienste*

*Die grassnykontrak is hernu met Dirkie Tuindienste en dit sluit 2 keer se sny per maand in en 3 keer se gif spuit per jaar in, slegs voortuine en opritte. Die plaveisels is gespuit vir onkruid gedurende Maart 2024.*

*Die nuwe grassnyprogram is op die webwerf geplaas. Neem kennis dat die spesifieke dae onderhewig is aan reënweer ten opsigte van die sny van gras en spuit van gif. Lede wat hulp met die versorging van beddings en bome verlang, kan 'n privaat kwotasie vir u eie rekening by die grassny kontrakteur verkry.*

*Dit staan eienaars vry om self op eie koste meer gereeld hul gras te laat sny en om hul plaveisels onkruidvry te hou ten einde hulle erf netjies te hou.*

*Let asseblief daarop dat Lede wat teenoor die grassnykontrakteur se werkers of sekuriteitswagte onrespekvol optree deur hulle uit te skel of te vloek, sal 'n boete opgelê word soos vervat in die Grondwet onder die goedgekeurde Gedragsreëls. Na die aanvanklike waarskuwing volg 'n boete van R1000 en R5000 by 'n verdere oortreding. Indien u enige terugvoer het oor die diensverskaffer, wil ons graag versoek dat u dit aan Status-Mark rapporteer en nie met die verskaffer opneem nie.*

***Bome:***

*Een van ons lede het die volgende met ons gedeel en ek deel graag met ons HVHV lede. Daar is sekere boom en plant soorte wat minder geskik is vir Hartenbos. Alhoewel die bome mooi groei, is dit baie nadelig vir die paaie agv van die bome se wortelstelsels, terwyl daar ander boom / plant soorte is wat dieselfde doel kan dien, met minder nadele.*

***Ons wil graag die volgende bome aanbeveel**:*
***Kleiner bome***
*1 Witpeer (Apodytes Dimidiata)*
*2 Natal Gwarrie (Euclea Natalensis)*

***Medium bome***
*3 Olienhout (wilde olyf) (Olea sub Africana )*

***Groot Bome***
*4 Natal Mahogany (trichilia Emetica)*
*5 Rooi Essenhout (Trichilia Dregeana)*
*6 Wilde pruim (Harpephyllum Caffrum)*

*Die volgende is nie so goed vir ons omgewing nie en word nie aanbeveel nie:*
1. *Alle wildevye inheems of uitheems. Hul wortelstelsels is te agressief vir dorpe. Ficus Australis is die ergste van almal. Hul wortels loop maklik 150 – 200 meter vanaf die hoofstam.*
2. *Beefwood (Casuarina Cunning hamiana )*
3. *Brasiliaanse Peper (Schinus Terebinthifolius)*
4. *Manatoka (Myoporum Tenuifolium)*
5. *Rooikrans (Acacia Cyclops)*
6. *Denneboom (Trache ophytes Pinophyta )*

## *7. Sekuriteit*

*Ons het die sekuriteitskontrak vir 3 maande hernu met die sekuriteitsfirma . Dit behels vier wagte snags en drie wagte bedags. Ons moet nog die finale take/ pligte met hulle finaliseer. Kom ek wees reguit, die HVHV bestuur is tans nie 100% tevrede met Alert Patrol sekuriteit nie.*

*Tans word hul werk baie bemoeilik deur die kragonderbrekings. Maak asseblief seker dat u eiendom beveilig is deur dit toe te sluit en seker te maak dat alle vensters toe is wanneer u vertrek.*

## *8. Sekuriteitskameras: Finansiering / Donasies*

*Alhoewel die nuwe kamerastelsel goedgekeur is, wil ek graag die koste vir die lede so laag as moontlik hou. Die projek beloop nou ongeveer R650 000. Om die addisionele bedrag in te vorder word beoog om 'n spesiale heffing van HVHV-lede te verhaal van ongeveer R30.00 per huis per maand vir 12 maande. Die rede vir die verhoging is vir meer pale en kameras, en ons het besluit om meeste pale met sonpanele en batterye toe te rus. Kortliks 10 pale met verskeie kameras, 8 x 555w solar panele, 8 litium batterye en laaiers , 16 uitsending radios. Ons is dankbaar vir 2 eienaars wat goedgunstelik krag verskaf by 2 pale.*

*Graag wil ek aan al die HVHV-lede, en veral HVHV- lede wat eienaars van besighede is, vra dat u dit sal oorweeg om dalk 'n kamera en paal self te betaal of te borg (R10 000 + BTW). Dit sal van groot hulp wees vir die HVHV. Besigheidseienaars kan die uitgawe van hul belasting aftrek, aangesien die leweransier vir die eienaar self 'n BTW-faktuur kan uitreik. Kontak asseblief vir Franzelle by status1@status-mark.co.za of myself stapelbergf@gmail.com indien u u weg kan oop sien om 'n kamera en paal self te finansier of te borg.*

*Die ATKV in Hartenbos is tans besig met die installasie van die beheerkamer en die doelwit vir operasionalisering is Junie/Julie 2024.*
*Ons werk ten nouste saam met die ATKV ,ons stelsel is ten volle geïntegreerd, en ons kontrakteer gesamentlik met kontrakteurs vir die verskaffing en bedryf van die stelsel. Die plan is dan ook om oor tyd met die JOC ( Joint operating centre) van Mosselbaai in te skakel om so die monitoring en reaksie ( Polisie, Brandweer, nood dienste )te verbeter.*

## *9. Ander inkomstes*

*Die HVHV-Bestuur kyk ook nog na ander buite-opsies vir addisionele inkomste vir die HVHV soos:*

- *Advertensies op ons webtuiste. N'Ré du Toit is tans besig om dit te ondersoek. Indien u u besigheid wil adverteer op die HVHV se webtuiste teen R1000 per jaar, kontak asseblief vir Franzelle of N'Ré du Toit.*
- *Afslag by leweransiers in Hartenbos. (Ons ondersoek nog die moontlikheid en uitvoerbaarheid.)*

### *10. Kragopwekkers*

*Graag vra ons aan alle huiseienaars wat kragopwekkers het om asseblief u bure en u omgewing in ag te neem, soos in die gedragsreëls bepaal ten opsigte van geraas en partytjies. Verkieslik geen kragopwekkers en veral nie na 23:00 nie. Indien u krag benodig vir mediese redes, oorweeg asseblief alternatiewe oplossings ten opsigte van klankvermindering.*

### *11. Dalmanuthalaan*

*Die ATKV het met ons bevestig dat hulle besig is met die afhandeling hiervan, Schalk van die ATKV is persoonlik in kontak met die ontwikkelaars en munisipaliteit. Sien aangeheg sy brief. Wees verseker, ons volg hierdie aangeleentheid gereeld op met die ATKV omdat ons dit deur hulle moet doen.*

### *12. Saldanhaweg*

*Die ATKV het nie nou gelde om die sandsakke te pak nie. Hulle het R1m van die rampfonds gekry en gaan eers die voetgangpad aan hulle kant regmaak. Sodra dit afgehandel is, gaan hulle weer aansoek doen by die rampfonds om verdere herstelkostes tov die wal en voetpad te doen.*

### *13. Radynstraat*

*Tydens uitermate harde reënbuie kom oorstromings voor. Ons het weer met ingenieurs en die munisipaliteit hieroor gepraat om die probleem op te los. 'n Oplossing is nog nie bereik nie en ek sal u op hoogte hou van enige verwikkelinge.*

### *14. Mooinooientjiestraat*

*Dié hek is gesluit op die grens tussen die ATKV en die HVHV se eiendom op versoek van die inwoners in Mooinooientjie- en Sandrivierstrate. Ons het later ook klagtes van lede in Mooinooientjiestraat ontvang dat die see nou vir hulle baie vêr en moeilik toeganklik is. Terselfdertyd het ons bedankings van lede ontvang dat die pad nou baie stiller en veiliger is.*

*Die HVHV het die aangeleentheid ondersoek om 'n valhek op te sit soos wat die lede voorgestel het op die jaarvergadering. Die bestuur het besluit dat dit 'n private valhek*

*binne die HVHV gebied is en dat dit ‘n private inisiatief moet wees en dit privaat bestuur en instand gehou moet word deur die lede wat ‘n valhek wil hê.*

*Die eienaars moet :*

1. *self aansoek doen by die munisipaliteit vir so goedkeuring. (so aansoek is tans in by die munisipaliteit vir goedkeuring vir ‘n valhek in mooinoointjie straat deur Status – Mark namens die eienaars)*
2. *hulle hou by die beleid van die HVHV tov private hekke (so beleid moet nog deur bestuur afgehandel word.*
3. *self die projek finansier en instand hou. (Tans het 12 lede te kenne gegee om ‘n bydrae hiervoor te maak en dit te finaliseer.) verdere inligting hieromtrent sal later verkry word.*

*Tans kan enige lid van die HVHV ‘n sleutel (R50) by bestuur bekom om toegang deur die hek te kan verkry. Die hek moet asseblief altyd gesluit bly.*

## ***15. Finansies en begroting vir 2024***

*Die inkomste- en uitgawestate tot Februarie 2024 is binne begroting. Dankie aan almal wat hul heffings getrou betaal of betaal het. Neem kennis dat rente gehef word op agterstallige heffings. Die debietorder aftrekstelsel het ongelukkig in Januarie 2024 en Februarie 2024 nie afgegaan nie en dit is tans heringestel. Indien u u heffings maandeliks per aftrekorder wil betaal, kontak asseblief vir Franzelle by Status – Mark.*

## ***16. Bestuur 2024***

*Ek bedank my bestuur vir al hul ure se werk,*
*Ons wens u sterkte toe vir die res van die jaar.*
*Vriendelike groete*



*FRANS STAPELBERG*
*VOORSITTER 2024*

Voorsitter :Frans Stapelberg Ondervoorsitter: Kobus Burger Sekretaresse:Status - Mark
Epos : admin@hartenboshuiseienaars.co.za status1@status-mark.co.za